Motto	Slagspreek
Every Child	Elke Kind
Every Chance	Elke Kans
Every Day	Elke Dag

Every Child Matters
Elke Kind Tel

Kenridge After School Centre
Kenridge Naskool Sentrum
Riebeeck Avenue
DURBANVILLE
7551
Tel/Fax: (021) 976 -4048
Tel : (021) 979 - 0719
SMS ONLY: 076 714 0715
e-Mail: gustafson_p@kenridge.org.za
devries_s@kenridge.org.za

14 Februarie 2011

Geagte Ouers

Die jaar is in volle swang! Die veranderinge wat gedurende verlede jaar ingestel is, het grootliks daartoe bygedra dat ons hierdie jaar met gemak weggespring het! Ons nuwe kantoor het ons werksomstandighede vergemaklik en die 3 of 5 dag keuse is oor die algemeen goed ontvang deur die meerderheid van ons ouers.

Ons het ook 'n nuwe personeellid aangestel om te help met ons groeiende getalle. Baie welkom aan Mev. Maryna Vorster. Sy is in beheer van die Gr 6 gemengde seuns/dogters klas.

Ons het vanjaar 'n nuwe stelsel van gemengde dagklasgroepe asook die tweetalige klasse. Dit het gehelp om afknouery van sommige leerders te verminder. Ons Graad 3 seuns- en dogtersklasse is ook 'n groot sukses. Die besluit om hierdie klasse in te stel is na deeglike samesprekings met ons kollegas van die laerskool geneem.

Ons personeel doen elke Vrydag indiensopleiding en gaan ten minste een naweek per jaar weg vir verdere opleiding. Tydens hierdie sessies word ons opgelei om die leerder te motiveer om na 'n lang skooldag nog entoesiasties te bly en hul tuiswerk en studies te voltooi. Ons bied nou ook 'n ekstra studieklas (16:15 – 17:15) vir leerders aan, wat na hul sport nodig het om werk te voltooi.

Ons sal in die toekoms 'n afdeling in die skoolbulletin gebruik om ekstra inligting ten opsigte van fondsinsameling en ander belangrike datums en gebeurtenisse aan u deur te gee. Ons is ook besig om 'n volledige lys van e-pos adresse saam te stel. Dus sal ons u op hoogte kan hou via e-pos.

Ons middagete spyskaart is reeds goed gebalanseerd, maar ons probeer baie hard om alle MSG-geursels en ander preserveermiddels te elimineer. Ons is tans in gesprek met 'n dieëtkundige en sodra ons 'n finale spyskaart het, sal ons dit op ons skool se webtuiste plaas.

Ons gaan binnekort 'n weeklikse beplanningsvorm in die Graad 6- en 7 klasse loods, wat die NSS onderwysers in die klaskamer kan gebruik om die leerders te help beplan en die onderwyseresse op hoogte te hou van die leerders se program. Ons wil ook die ouers en die klasonderwysers inlig oor die leerders se vordering. Hierdie voltooide strokie sal in die leerder se tuiswerkboek geplak word.

Ons fondsinsamelings vir die jaar is nog nie finaal beplan nie, maar die gedagte is om 'n Kerrie-en-rys (of vetkoek) dag te hou – (Junie); 'n pannekoekweek (Augustus of September) en 'n "Kersfees Beskuitjie Bak" gedurende November.

Ons vertrou dat bogenoemde inligting oor die NSS vir u nuttig sal wees.

Die uwe

Petra, Sharon en NSS Personeel

Petra Gustafson
Hoof van Naskool Sentrum
Laerskool Kenridge
Tel: 021 976 4048
SMS: 076 714 0715
gustafson_p@kenridge.org.za